

# Afsondering is opgehef!

Teks: Matteus 27: 32 - 56  
Teksvers 27: 51

## 1. Inleiding

**A**fsondering is opgehef, is die nie die boodskap op 16 April waarna ons almal uitsien nie. Veral nou hier in die tyd van die paasnaweek. Want gewoonlik is ons hierdie tyd weg met verlof of somer net by die res van ons familie, maar hierdie jaar met die grendelstaat is dinge anders. Ons moet afgesonder alleen in ons huise bly.

Tog weet ons dat paasnaweek nie oor vakansie en familie byeenkomste gaan nie. Paasnaweek en dan veral Goeie vrydag het vir die gelowige 'n baie dieper betekenis. En hierdie betekenis het ook op 'n manier te doen met afsondering. God die almagtige Vader en Skepper van hemel en aarde wil met ons mense kinders bemoeienis maak. Hy wil in 'n verhouding met ons staan. Dit is die rede waarom Hy die opdrag aan Moses gee om die tabernakel te bou. Letterlik beteken die woord tabernakel om teenwoordig te wees onder die mense.

Maar die mens is so deurtrek van die sonde dat hy nie sal kan bestaan in die heilige teenwoordigheid van die Here nie. As daar nie afsondering is nie, sal die mens eenvoudig vergaan. Soos vandag waar die doel van afsondering juis is om ons gesond te bly, in die woorde van Psalm 38 vers 12 :12My siekte hou my familie en my vriende ver van my af, en my bure kom nie naby my nie.

Daarom gee die Here dan ook aan Moses die opdrag wat die volk moet beskerm in Eksodus 26: 33: "33en jy moet die voorhangsel, met hakies aan die binnekant, ophang. Sit dan die ark met die getuienis daarin, agter die voorhangsel. Die voorhangsel moet vir julle die Heilige van die Allerheiligste skei."

Tog was hierdie net 'n tydelike oplossing, en dit is waar die wonderlike boodskap aan ons vanoggend inkom: "Afsondering is opgehef!"

## 2. Afgesonder van Navolgers

Suksesvolle voorspoedige mense het baie navolgers. Mens wil graag in die kring van wenners beweeg. So ook natuurlik

leermeesters. Selfs in die kerk vandag ken ons dit goed. Mense volg beroemde predikers in groot getalle na, terwyl die eenvoudige kerkie iewers in die onderdorp tot niet gaan. Maar wat as dinge begin skeefloop. As daardie leier teëspoed begin beleef. Is dit nie dan wat mense soos rotte 'n sinkende skip verlaat nie. En hierdie afsondering van mense in swaar tye, hoef nie eers deur wetgewing afgedwing word nie. Mens doen dit heeltemal vrywillig, amper natuurlik. En dit is presies ook wat met Jesus gebeur in die oploop na goeie Vrydag.

Vir sy navolgers lê daar nou geen voordeel in nie. In teendeel hulle loop nou die risiko om vervolging aan die lyf te voel. En daarom is hulle nie daar nie. Dit is waar ons teksgedeelte ook vandag begin. Geen navolger is daar om Jesus te help om Sy kruis te dra nie. 'n Man uit Sirene moet dit doen.

Dit is ook waar van die allerheiligste afgesonderde teenwoordigheid in die allerheiligste. Daar is nie 'n oorfloed vrywillige mense wat daar wil ingaan nie. Want indien jy daar ingaan om onwaardige wyse het jy onmiddelik gesterf. Een maal per jaar het die hoë priester met die korrekte offer daar binne vir die hele volk gaan versoening doen. Tog weet ons dat hierdie hoë priesters wat mekaar een na die ander opgevolg het, net 'n profesie is van wat kom. Want die ware hoë priester was aan die kom. En Hy moet afgesonder van enige navolgers die offer bring. Die offer vir al die sondes van die uitverkiesde mensdom. Hierdie offer vind in afsondering plaas met net soldate wat Hom oppas en Sy klere verdeel. Mense stap op 'n afstand verby, en in hulle afsondering laster hulle vir Jesus soos ons sien in vers 39 tot 44.

## 3. Afgesonder van Familie

Die volgende afsondering wat deur Christus ervaar word vir ons duidelik uit die laaste vers in ons teksgedeelte. In vers 56 lees ons van die vroue wat teenwoordig is by die kruisiging. En hierdie vroue wat in vers 55 van ver af aanskou wat gebeur, sluit volgens Johannes 19: 25 tot 27 ook die moeder van Jesus in. Want dit is juis in hierdie gedeelte in Johannes waar Jesus ook afstand doen van Sy moeder.

Dit is ook soos ons in die inleiding gesê het vir ons die moeilike ding aan 'n paasfees so in afgesonderdheid. Ons mis ons familie. Ouers sou graag hulle kinders by hulle wou gehad het, en kinders sou weer graag hulle ouers by hulle wou gehad het.

Veral ook wanneer tye moeilik raak. Dan wil 'n mens tog graag die ondersteuning van jou familie ervaar. Tog het ons Verlosser daar aan die kruis ook nie hierdie voorreg nie. Dit is nêrens so duidelike as in vers 45 in die bekende woorde: "Eli, Eli, lemá sabagtoni?"

Ons Here Jesus Christus hang nie net aan die kruis sonder sy aardse moeder nie, wat Hy aan die sorg van Johannes toevertrou het nie. Hy hang ook aan die kruis verlate van Sy Vader in die hemel. Hy is totaal en al Godverlate, iets wat ons genadiglik nooit sal hoef ervaar nie.

Maar soos 'n hoëpriester nie deur 'n navolger kon gehelp word om die offer in die allerheiligste te bring nie. Net so kon hy ook nie gehelp word deur 'n familielid nie.

Ons weet dat die enigste manier waarop die mense wat buite gewag het, geweet het dat die hoëpriester nog leef, was die geluid van die klokkies aan sy uitrusting. Soos Eksodus 28:35 dit vir ons duidelik maak. Wat die sondige hoëpriester kon maklik die opdragte van die Here nie noukeurig uitvoer nie, dan het hy gesterf daar alleen afgesonder van enige familie.

#### **4. Nie meer afgesonder van die Here nie.**

In ons teksvers word ons Here Jesus Christus stil. In vers 50 blaas Hy, Sy laaste asem uit. Maar wanneer Christus stil word, dan word alles om Hom nie ook net stil nie. Want sien Sy sterwe is net soos in die geval van die hoëpriester 'n straf op die oortreding van die wet en opdragte van die Here.

Tog is dit nie heeltemal dieselfde nie. Na so 'n hoë-priester gesterf was die maar gewoon weg stil. Die sterwe was maar net 'n betaling vir sy eie ongeregtighede. Maar wanneer die Here Jesus Christus sterf is die nie 'n betaling van Sy eie ongeregtighede nie, want Hy was sondeloos en het geen ongeregtighede gehad nie. Die betaling dien dan vir die ongeregtighede van God se uitverkore kinders. Mense soos ek en jy. En daarom is dit nie stil nie.

Die skeiding wat die heilige en bese geskei het, naamlik die sonde word verwyder. Want die straf daarop is finaal gedra. Daarom is die nie stil. Die voorhangsel skeur middeldeer van bo na onder. Die volmaakte hoë priester ons

Here Jesus Christus baan vir ons die weg deur die voorhangsel heen soos Hebreërs 10:20 dit vir ons duidelik maak. Dit doen Hy deur die volmaakte offer te bring.

En dit is uiteindelik die boodskap van Goeie Vrydag. Die afsondering is opgehef. God die Vader kom self die afsondering van die allerheiligste ophef. Omdat die sonde wat hierdie afsondering veroorsaak het, weg is. Die prys wat die volmaakte Verlosser gebring het was genoeg. Daarom skud die aarde en kan die doderyk nie meer die gelowiges terug hou nie.

Daarom al moet ons nog 'n week of selfs langer in afsondering hier op aarde deurbring, kan ons vanoggend die blye boodskap van Goeie Vrydag hoor. Die Afsondering is opgehef, ons het vrye toegang na die allerheiligste deur die bloed van ons Here Jesus Christus. Ons weet waar ons die ewigheid sal spandeer

#### **5. Slot**

Ons kan hierdie preek afsluit deur weereens na die goeie boodskap van Goeie Vrydag te verwys. Die afsondering is opgehef. Ja al moet ons dalk nog 'n week in fisiese afsondering van ons mede broers en susters in die geloof leef, weet ons die geestelike wêreld lyk anders.

Want daar waar die ewige dood wens ons sondigheid op ons gewag het, het dinge verander. Geestelik het die rots ook vir my en jou uitmekaar gebars, want ons is nie meer verdoem tot die ewige doderyk nie. Ons weet dat Christus die sonde met sy houvas op ons, oorwin het op goeie Vrydag, daar aan die kruis. En daarom kan ons vanoggend te midde van alles wat fout is hier op ons, weet ons veilig behoue.

Daarom die laaste persoonlike vraag wat hierdie preek aan ons elkeen vra vandag. Watter rol speel die kruisiging van Christus in jou lewe vandag. Is ons dalk onbewustelik al meegevoer in 'n wêreld wat so maklik vir Jesus aan die kruis bespot en laster. Of ervaar ons nog die kragtige werking van die Heilige Gees binne ons, wat uitroep: Die afsondering is opgehef. Kom leef in die allerheiligste teenwoordigheid van die Here, nou en vir ewig.

Amen